# RSG Onderhoud 2 – Volle Menswees Strategie

***Gedurende 'n vorige uitsending het julle getuig van vinnig ontwikkel sedert julle in 2007 'n Internet bediening, There is Hope Ministries, kon registreer.***
***Is julle uitsluitlik met die internet bedrywig, of is daar ook ander bedieninge wat julle bedryf?***

Toe ek en Magdaleen verlede jaar Julie so teen die hoë berge in die Kaaimansgat vallei af ry, met spierwit sneeubedekte toppe, en ek sien die ongelooflike natuurskoon met lande en lande vol appelbome, toe weet ek sommer, hier kom 'n ding... ek sal moet terugkom, nie alleen nie, maar hierdie keer gewapen met my JESUS-Film toerusting.

Reeds die volgende oggend het ek die 3 boere in die vallei gekontak en afsprake gemaak.

Vir 10 weke het ons evangelisasie en dissipelskap opleiding aan 21 Christen plaaswerkers aangebied.

Gevolg deur 'n JESUS-Film uitreik oor drie dae.

Die opgeleide Christen werkers het dan ook self die opvolg van die nuwe gelowiges oor die volgende 6-10 weke waargeneem.

Wil graag noem dat die hele Kaaimansgat uitreik verhaal op ons Webblad beskikbaar is:
Nuusbrief met 22 foto's en beskrywings - http://www.hope365.co.za/newsarticles

***So dit was eintlik die geboorte van 'n NUWE bediening?***

Wel, nie regtig 'n nuwe geboorte nie, dalk eerder 'n her ontdekte liefde.

Vir 20 jaar was ons betrokke met die *JESUS-Film* en die *Church Resource* bediening by *Campus Crusade for Christ, SA.*

Dit was natuurlik voor ons die Internet bediening gedurende 2007 hier in Kleinmond kom vestig het.

***Kon julle intussen julle program wyer uitbrei en ook ander plase intrek?***

Ons het ons strategie verder ontwikkel in **vyf** uiteenlopende afdelings, wat ons ook huidig by **vier** ander plase inkorporeer:

Daar is 'n tweede afdeling, 'n Geestelike program wat bestaan uit maandelikse films met 'n Geestelike boodskap wat ons na-ure aan die werker, asook sy familie en vriende vertoon.

Die derde afdelings is die een wat my opgewonde maak:

> Elke tweede week bied ons 'n *Volle Menswees* Program vir die volledige werkerskorps aan. Hier plaas ons die klem op 'n lewe van oorwinning: Geestelik, Verstandelik, Fisies, Emosioneel & Sosiaal.

- Die doel is om 'n inpak in mense se lewens te hê oor 'n lang periode, sodat dit kan lei tot nuwe denke en veranderde gedrag.
- Ons doen die aanbiedings Audio Visueel, gerugsteun deur Interaktiewe Werkswinkels:
  - Vertoon o.a. films met sterk boodskappe oor 'n wye spektrum van Godvrugtige waardes soos: AANVAARDING; VERGIFNIS; IMPAK VAN VIGS OP ONSKULDIGE MENSE; SELFBEHEERSING; GEVOLGE VAN DWELMS; VERANTWOORDELIKHEID; EERLIKHEID, ENS.
  - Alhoewel baie van die plaaswerkers ongeletterd is, neem hulle entoesiasties deel aan die interaktiewe **groep**-besprekings, dramas & speletjies.
- Behoeftes word geïdentifiseer, bespreek en nuwe aksies word daaruit beplan.
- Mense word gedaag tot verantwoordelikheid.
- Elke week word hierdie strategie op 'n ander plaas gedupliseer.

***Jy het genoem van 5 afdelings***

Die vierde afdeling kom eers later in aksie - weeklikse Leierskap besprekingsgroepe onder die betrokke boere.

Dan is daar ook 'n vyfde afdeling, wat 'n Spanbou en Volle Menswees naweek vir die boer en sy leierskap inhou.

***Hoe ervaar julle die onderskeie boere se reaksie op dit wat julle hulle bied?***

Die boere wat voel hy wil graag iets ekstra in sy mense se lewens inbou, is geweldig positief. Ons het die program informeel laat evalueer deur kenners wat almal beaam dat hierdie program die vermoë het om 'n area te dek, wat uniek is aan sy soort.

Hierdie program het 'n holistiese benadering wat 'n wye spektrum van eenheid standaarde hanteer, soos uiteengesit in die SA Qualifications Authority (SAQA):

- 'n Verskeidenheid van SETAS word gesamentlik geïnkorporeer.
- Die beoogde Uitkoms word deurentyd geëvalueer deur vooraf gekose kriteria.
- Mense word gedaag om keuses te maak t.o.v. veranderde gedrag.
- Verantwoordelikheid-vennote word gekies om sodoende terugval tot 'n minimum te probeer beperk.

Dit spreek 'n unieke behoefte aan wat enig is in sy soort, deurdat dit anders as by ander bestaande programme, gemik is op die mens in geheel en nie slegs enkele aspekte van menswees nie :

- Wat TIHM se program uniek maak is die feit dat sy program Christelik gedrewe is.

- Die program word oor ’n medium tot langer termyn aangebied.
- Die langer aanslag lei noodwendig tot ’n verandering in denke, wat weer oorgaan tot ’n verandering in gedrag, met ’n gelukkige en lojale werker as eindproduk.
  - Arbeidsverhoudinge, opheffing, *‘Life skills development’* en higiëne binne en buite die huis is o.a. aspekte wat deurgaans in die sosiale opheffing ter sprake kom.

Dit is daarop gemik dat die gemeenskap self kan aangaan en self verantwoordelikheid kan neem wanneer ons program ten einde geloop het :

- Gee nie net die vis nie, maar leer eerder die persoon om self vis te vang en sy vriende te leer om dieselfde te doen. (2 Timoteus 2:2)
- Beywer ons om voortdurend die werker te evalueer om sodoende wakker wordende leierskap eienskappe te identifiseer en te daag tot verantwoordelikheid en betrokkenheid in mede werkers se lewens.

## ***Waar kan die luisteraars julle kontak***

Mense kan ons kontak per epos en ons sal al die skakels aan hulle stuur om ons webblaaie en nuusbriewe oop te maak :

- **Epos :** hope@hope365.co.za
- **Tel huis/kantoor :** 028 271 5124
- **Webblaaie :** www.Hope365.co.za & www.KnowingGod.co.za

*Tot almal gehoor het,*

.....

***Pieter Brits***

*There is Hope Ministries, CC*